

NFT TUISGROEIER- STELSEL



Kweek vars groente,
kruie en saailinge sonder
dat u 'n tradisionele
groentetuin hoef om te
spit.

'N EENVOUDIGE EN VEELSDIGE
HIDROPONIESE STELSEL VIR
VARS GROENTE, KRUIE EN
SAAILINGE BY DIE HUIS.

**BEGIN KLEIN.
LEER SOOS U
GROEI. BREI
LATER UIT.**





WAT IS DIE NFT TUISGROEIER-STELSEL?

01

'N MAKLIKER MANIER OM U EIE VARS PRODUKTE TE KWEK.



Die NFT Tuisgroeier-stelsel is 'n hidroponiese tuin waarin plante met water en plantvoeding gekweek word, eerder as in gewone tuingrond. Die stelsel kombineer:

- groeikanale vir groente, kruie en aarbeie; en
- 'n Ebb & Flow-afdeling vir saailinge, kratte en gewasse wat 'n dieper groeimedium benodig.

Die water vloei vanaf die sentrale tenk na die plante en daarna weer terug na die tenk om hergebruik te word.

Die stelsel is ideaal vir mense wat:

- met hidroponika wil begin eksperimenteer;
- vars groente en kruie vir die huis wil kweek;
- 'n netjiese tuin met minder moeite wil bestuur;
- nie onkruid wil uittrek of grond wil omspit nie;
- beperkte tuinruimte het;
- of later na 'n groter of kommersiële stelsel wil uitbrei.

***U hoef nie 'n ervare tuinier
of landboukundige te
wees om te begin nie.***





HOE WERK DIE SISTEEM?

02

Die stelsel neem water en voeding na die plante toe.

1. Die tenk word voorberei

Water en geskikte hidroponiese plantvoeding word in die sentrale tenk geplaas.

2. Die voedingswater word na die plante gepomp

NFT staan vir Nutrient Film Technique. 'n Klein pomp stuur 'n dun, deurlopende laag voedingswater deur die groeikanale, waar dit direk langs die plantwortels vloei en water en voeding aan die plante beskikbaar stel.

3. Die water vloei terug

Die water keer terug na die tenk en word weer deur die stelsel gesirkuleer.

4. Die Ebb & Flow-afdeling werk op vasgestelde tye

'n Aparte pomp vul die afdeling en laat die water daarna weer terugdreineer. U moet steeds die water, pompe en plante gereeld nagaan, maar u hoef nie elke plant afsonderlik met die hand nat te lei nie.

**MINDER WATER. GEEN ONKRUID.
DOELTREFFENDE GEBRUIK VAN PLANTVOEDING.**

Die water en voeding word deur die stelsel hersirkuleer en slegs aangevul wanneer nodig. Groei vars produkte met minder vermorsing en makliker bestuur.

DIE SISTEEM IS
OOK BEKEND AS DIE
**PEACE
GARDEN!!**

WAT KAN U GROEI?

03



Kweek die vars produkte wat u en u gesin graag gebruik

Die NFT Tuisgroeier-stelsel laat u toe om verskillende groente, kruie en vruggewasse volgens u gesin se behoeftes in dieselfde stelsel te kweek. Dit is gebruikersvriendelik en hoef nie heeldag gemonitor te word nie, maar moet elke paar dae nagegaan word om seker te maak dat die water- en voedingsvlakke reg is en om produkte te oes wanneer dit gereed is.

In die NFT-groeikanale

Die groeikanale is baie geskik vir: verskillende slaaitipes; spinasie en snybeet; aarbeie; babakool en ander kleiner koolgewasse; broccoli en blomkool; komkommers; tamaties; pietersielie; basiliekruid; kruisement; koljander, spruituie; en ander kombuiskruie; blaargroente, asook verskeie blomvariëteite en nog meer.



In die Ebb & Flow-kratstelsel

Die ingeboude Ebb & Flow-afdeling kan met kratte en 'n geskikte groeimedium, soos vermikuliet of 'n vermikuliet-en-perlietmengsel, gebruik word. Dit is geskik vir gewasse soos beet, uie, wortels, radyse, aartappels en ander wortel- en knolgewasse.



Probeer, leer en ontdek wat vir u werk

Begin met die gewasse wat u gereeld gebruik en toets nuwe opsies op 'n kleiner skaal. Met die regte spasiëring, voeding en bestuur kan u verskillende vars produkte in dieselfde stelsel kweek.





GROEIKANALE EN PLANTSPASIËRING

04

Pas die stelsel by u gunstelinggewasse aan

Elke standaardmodule het:

- agt groei-kanale;
- elke kanaal is ongeveer 5 m lank; en
- die standaardspasiëring bied plek vir ongeveer 20 plante per groei-kanaal.

Met standaardspasiëring bied dit ongeveer 160 plantposisies per module.

Nie alle plante benodig dieselfde hoeveelheid ruimte nie.

Kruie en kleiner blaargroente kan nader aan mekaar geplant word, terwyl koolgewasse, tamaties en komkommers meer ruimte benodig.

Grow Machines kan die plantgate en spasieëring volgens u gewaskeuse aanpas. U kan dus 'n gemengde stel groei-kanale kies vir byvoorbeeld:

- kruie;
- slaai;
- groter groente; en
- rankgewasse.

Ebb & Flow vir saailinge

Die ingeboude Ebb & Flow-afdeling (vloed en dreinerig) kan gebruik word om saailinge te kweek voordat hulle na die groeikanale oorgeplant word. Die voedingswater vloei vanuit dieselfde tenk deur die afdeling en dreineer daarna weer terug, sodat die hele stelsel as een geslote kringloop werk.



Een stelsel. Meer moontlikhede. Vars resultate.



'N MAKLIKER GROENTETUIN

05

Minder grondwerk en geen onkruid tussen die plante nie

Met die NFT Tuisgroeier-stelsel hoef u nie:

- grond om te spit nie;
- tradisionele plantbeddings te maak nie;
- gras en onkruid tussen die plante uit te trek nie; of
- elke plant afsonderlik nat te maak nie.

Die groeikanale is van die grond af opgelig, wat die plante makliker bereikbaar en sigbaar maak. Die ontwerp vergemaklik die plant van saailinge en die oes van produkte.

Die stelsel is daarom 'n praktiese opsie vir:

- beginners;
- ouer gebruikers;
- mense met beperkte ruimte;
- gesinne wat saam wil tuinmaak; en
- enigiemand wat 'n netjiese, makliker bestuurbare groentetuin verkies.

Die stelsel verminder baie van die gewone tuinwerk, maar die plante moet steeds gereeld versorg en nagegaan word.





PRAKTIES ONTWERP VIR LANGTERMYNGEBRUIK

06

Sterk, eenvoudig en gebou om saam met u te groei

Die NFT Tuisgroeier-stelsel is ontwerp as 'n duursame en praktiese stelsel wat maklik bestuur, onderhou en later uitgebrei kan word.

Die stelsel bestaan uit:

- 'n doelontwerpte sentrale tenk;
- roesbestande aluminiumrame;
- sterk groeikanale;
- eenvoudige, betroubare pompe; en
- maklik verstaanbare beheerkomponente.

Die eerste stelsel is reeds in 2011 aan 'n kliënt voorsien en was in 2026 steeds in 'n goeie werkende toestand. Hierdie lang praktiese gebruik wys die waarde van 'n sterk kernontwerp en komponente wat versien of vervang kan word wanneer nodig.



Eenvoud maak bestuur makliker

Elke deel van die stelsel is doelbewus ontwerp om maklik:

- te verstaan;
- skoon te maak;
- gereeld na te gaan;
- te onderhou; en
- later uit te brei.



'n Praktiese stelsel vir vandag, met ruimte om môre verder te groei.



'N STELSEL WAT SAAM MET U KAN GROEI

07

Begin met die grootste wat by u pas

NFT Tuisgroeier - ENKEL

Die Enkel-stelsel het:

- een sentrale tenk;
- een Ebb & Flow-afdeling; en
- een module met agt groei-kanale.

Dit is 'n goeie beginpunt vir huishoudelike gebruik en vir iemand wat hidroponika wil leer.



NFT Tuisgroeier - Dubbel

Die Dubbel gebruik dieselfde sentrale tenk, maar het 'n module aan albei kante. Dit bied meer plantspasie en plek vir 'n groter verskeidenheid gewasse.



Groter modulêre stelsels

Bykomende modules kan later bygevoeg word vir:

- 'n groter huishoudelike tuin;
- 'n klein tuisbesigheid;
- restaurant- of gastehuisproduksie;
- opleiding; of
- gewas- en marktoetse.

Grow Machines probeer om bestaande komponente tydens uitbreiding te hergebruik. Sommige uitbreidings kan egter aanpassings aan die pompe, pype of uitleg vereis.





INSTALLASIE, ONDERSTEUNING EN NOODKRAG

Ons help u om reg te begin en met vertroue verder te groei

08

Die NFT Tuisgroeiër-stelsel is ontwerp om relatief eenvoudig geïnstalleer en bestuur te word. Baie Enkel- en Dubbel-stelsels kan deur die kliënt self opgestel word, mits dit vooraf so beplan word.

Grow Machines kan telefoniese en video-ondersteuning bied vir:

- die uitleg en voorbereiding van die terrein;
- die aansluiting van pompe en pype;
- die instelling van die tydbeheerder;
- die eerste opstart van die stelsel; en
- die basiese bestuur van water, voeding, pH en EC.

Professionele installasie en inbedryfstelling kan ook teen 'n bykomende koste by die kwotasie ingesluit word.

Wat u moet voorberei

Die kliënt moet 'n ferm, redelik gelyke terrein, 'n geskikte waterpunt en 'n veilige 230 V-kragpunt met aardlekbeskerming voorsien. Permanente elektriese werk moet deur 'n gekwalifiseerde elektriesien gedoen word.

Grondwerk, betonwerk, permanente bedrading en die oprigting van 'n tonnel of ander beskermde struktuur vorm nie deel van die standaardinstallasie nie, tensy dit vooraf gekwoteer word.

Van die eerste opstart tot u eerste oes — Grow Machines help u om met vertroue te begin.

Betroubare krag en noodkrag

Die stelsel se pompe beweeg die voedingswater na die plante. Lang kragonderbrekings kan die waterbeweging stop en die wortels benadeel, veral gedurende warm weer.

Grow Machines kan volgens die stelselgrootte help met:

- 'n basiese battery-en-omsetteroplossing; of
- 'n eenvoudige sonkragstelsel.

Ná installasie help ons u om die stelsel se werking, waterbestuur, pompe, vloei en skoonmaak te verstaan. Die kliënt bly verantwoordelik vir die gereelde versorging van die plante en die gereelde kontrole van die stelsel.

KOM ONS BEPAAL WAT U NODIG HET



09


Vertel ons wat u graag wil groei

Om die geskikste NFT Tuisgroeier-stelsel vir u te bepaal, wil ons graag weet:

- Waar gaan die stelsel staan?
 - Hoeveel ruimte het u beskikbaar?
 - Watter groente en kruie wil u kweek?
 - Wil u net vir die huis produseer of later ook verkoop?
 - Is water en veilige elektrisiteit beskikbaar?
 - Benodig u noodkrag?
 - Wil u met 'n Enkel- of 'n Dubbele-stelsel begin?
 - Wil u later uitbrei?
 - Benodig u 'n beskermende dak en skadunet?
- Neem kennis dat 'n beskermende struktuur nie noodwendig nodig is met 'n NFT Tuisgroeier-sisteem nie, maar wel later vir verdere uitbreiding aanbeveel word.
- Wil u self installeer of moet Grow Machines help?



Hoe die proses werk:



U hoef nie 'n ervare tuinier te wees om te begin nie

Met die regte leiding en gereelde aandag kan die NFT Tuisgroeier-stelsel 'n praktiese en interessante manier wees om vars produkte by die huis te kweek.





KONTAKBESONDERHEDE



www.growmachines.co.za



Darling Farm, Standerton,
Mpumalanga, Suid-Afrika

WYNAND BEZUIDENHOUT:



info@growmachines.co.za



+27(0) 82 338 2051

RIKA BEZUIDENHOUT:



rika@growmachines.co.za



+27(0) 76 895 4879



SCAN HERE



SCAN HERE

**BEGIN KLEIN. GROEI SLIM.
OES VARS.**

*Vertel ons wat u wil groei en
hoeveel ruimte u het — ons
help u om die regte NFT
Tuisgroeier-stelsel te kies.*



**GROW
MACHINES**